education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

Johannesburg Cluster

Common Examination
Vraestel 3
Kreatiewe Skryfwerk

November 2011

AFRIKAANS HT
GRAAD 10

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik:
  Afdeling A: Opstel (50 punte)
  Afdeling B: Langer transaksionele teks (30 punte)
  Afdeling C: Korter transaksionele teks (20 punte)

- Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

- Begin elke afdeling op 'n NUWE BLADSY.

- Punte word by elke skryfstuk toegeken vir BEPLANNING, REDIGERING, TAAL, STYL en INHOUD.

- Die **beplanning** van elke vraag moet VOOR die finale weergawe wees. Dui die beplanning duidelik aan as BEPLANNING. Dui die finale poging duidelik aan as FINALE TEKS. **Trek 'n streep deur die beplanning as die finale weergawe klaar geskryf is.**

- Dui die NOMMER en ONDERWERP/TITEL van jou skryfstukke duidelik aan.

- Elke skryfstuk moet 'n gepaste titel/opskrif hê.

- Skryf netjies en leesbaar met **BLOU** ink.

AFDELING A: KREATIEWE TEKS - OPSTEL

Vraag 1

- Kies **een** van die onderstaande onderwerpe en skryf ‘n opstel van **300 - 350** woorde daaroor.
- Enige TIPE opstel mag geskryf word (bv. Verhalend, beskrywend, beredenerend, bespiegelend) wat gepas is vir die betrokke onderwerp.
- Jy moet bewyse van BEPLANNING en REDIGERING ingee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.
- Dui die aantal woorde gebruik, eerlik aan.
- Onthou om jou skryfstuk van ‘n gepaste opskrif/titel te voorsien.

1. Om te gee, is beter as om te ontvang....

2. DIE ROOI LIG!

OF

3. Groepsdruk is erger as ooit tevore

OF

4. PARTYTJIETYD

OF

5.1

5.2

5.3

5.4

TOTAAL AFDELING A : 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Vraag 2

- Kies **EEN** van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n skryfstuk van **180 – 200** woorde.
- Jy moet bewys van BEPLANNING en REDIGERING ingee.
- Begin hierdie opdrag op 'n **nuwe bladsy**.
- Dui jou finale produk duidelik aan.
- Dui die aantal woorde gebruik, eerlik aan.
- Onthou om jou skryfstuk van 'n gepaste opskrif/titel te voorsien.

1. Jy werk vir 'n sporttydskrif. Voer '**n onderhoud** met een van die Springbokke en vra hom uit oor sy ervaringe tydens die pasafgelope Rugby Wêreldbekertoernooi.

OF

2. In die meeste koerante en tydskrifte is daar 'n briewekolom waarin die leser sy standpunt kan stel. Nadat 'n aantal briewe oor **boelies in skole** in die Beeld verskyn het, besluit jy om daarop te reageer en jou opinie te lug. Skryf aan :

Briewe	**Faks: 011- 713 9956**
Redakteur	
BEELD	**E-pos: briewe@beeld.com**
Posbus X202	
PRETORIA	
0001	

OF

3. Tydens 'n jeugkonferensie word jy gevra om 'n toespraak te lewer om leerders te inspireer om beter te presteer. Skryf jou **toespraak** neer.

OF

4. Skryf 'n **koerantberig** met die volgende opskrif:

6 sterf in gru-ongeluk!

TOTAAL AFDELING B: 30

EN

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

Vraag 3

- Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf **100 – 120** woorde daaroor.
- Jy moet bewyse van BEPLANNING en REDIGERING ingee.
- Begin hierdie vraag op 'n **nuwe bladsy**.
- Dui jou finale produk duidelik aan.
- Dui die aantal woorde gebruik, eerlik aan.
- Onthou om jou skryfstuk van 'n gepaste opskrif/titel te voorsien.

1. Jy het onlangs sestien geword. Maak 'n **dagboekinskrywing** waarin jy hierdie belewenis beskryf.

OF

2. Skryf 'n **e-pos** aan 'n vriend waarin jy hom/haar gelukwens met 'n prestasie wat hy/sy behaal het. Ontwerp ook jou eie e-pos briefhoof.

OF

3. Vriende van jou wil na die skool se kultuurproduksie kom kyk. Hy vra jy moet vir hom aanwysings gee vanaf sy huis na jou skool. Skryf die **padaanwysings** puntsgewys neer.

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100